# Afrikaanse aanbiddingsliedere op bekende melodië

*Woorde deur Nico van der Walt,*
*tensy anders vermeld*

## *1*

**ONS LÊ ALLES VOOR U HERE**
**IN GEHOORSAAMHEID AAN U**
**ONS WIL U BO ALLE DINGE**
**IN ONS LEWE DIEN AS HOOF**
**ONS WIL U VEREER**
**AS ONS ENIG HOOF**
**ONS WIL U BO ALLE DINGE**
**LIEFHÊ DIEN EN LOOF**

**GEEN BESIT OF PLAN OF SELFSUG**
**MAG U VAN U EER BEROOF**
**ONS BRING DUS ONS LEWENS HERE**
**TOT U DIENS EN TOT U EER**
**ONS KOM EER U NOU**
**JESUS SEUN VAN GOD**
**MAN VAN SMARTE HOOG VERHEWE**
**ONS BRING LOF AAN U**

**HEER U KEN ONS WERK EN ARBEID**
**LYDSAAMHEID EN STREWE**
**GEE DAT NIE OOK ONS ONS EERSTE**
**LIEFDE VIR U KWYT SAL RAAK**
**JA ONS LIEFDE HEER**
**WIL ONS AAN U BIED**
**STEEDS ONS EERSTE LIEFDE HERE**
**NET AAN U TOEWY**

Wysie: *I surrender all*

## *2*

**O JESUS EK MIN U, MY REDDER, MY HEER**
**GEEN AARDSE BEKORING WIL'K NAAS U BEGEER**
**GENADIGE REDDER, MY HEILAND GETROU**
**AS'K OOIT U BEMIN HET, MY HERE, IS DIT NOU**

**EK MIN U, WANT U HET MY EERSTE BEMIN**
**EN HET AAN DIE KRUISHOUT MY VRYHEID HERWIN**

**HOE GROEI STEEDS MY LIEFDE AS EK U AANSKOU**
**AS'K OOIT U BEMIN HET, MY HERE, IS DIT NOU**

**EK DANK U IN OORVLOED, EK EER U IN NOOD**
**EK PRYS U IN LEWE, EK LOOF U IN DOOD**
**EN SÊ AS DIE DOODSANGS MY SIEL EENS BENOU**
**AS'K OOIT U BEMIN HET, MY HERE, IS DIT NOU**

**IN WONINGS SO HEERLIK, VOL HEMELS'GENOT**
**AANBID EK U EWIG, MY HERE, MY GOD**
**GEKROON DEUR U LIEFDE SING EK MY VREUGDESANGE**
**AS'K OOIT U BEMIN HET, MY HERE, IS DIT NOU**

Wysie : *My Jesus, I love Thee, I know Thou art mine*
Woorde: *Grietjie Baumbach*

## *3*

**ONWANKELBAAR IS U HEMELSE VADER**
**BY U IS SEKERHEID VASTIGHEID RUS**
**U TROUE LIEFDE IS ROTSVAS VIR EWIG**
**U BLY DIESELFDE GESLAG NA GESLAG**

***GROOT IS U LIEFDESGUNS (2X)***
***DAG NA DAG LEI U MY LEWENSGANG VOORT***
***ALS WAT EK NODIG HET BLY U VOORSIEN***
***U SAL MY TROU TOT DIE EINDE BEWAAR***

**SONDEVERGIFFENIS VREDE EN BLYDSKAP**
**LEWENSBETEKENIS SIN EN BEGRIP**
**ALLES O VADER ONTVANG ONS IN CHRISTUS**
**ALLES IS GAWES GEWERK DEUR U GEES**

**SOOS ONS BESING DIE NATUUR U GETROUHEID**
**SON MAAN EN STERRE VERKONDIG U LOF**
**'N SIMFONIE EN 'N LIED VAN VERWON'DRING**
**ALLES WAT IS HOU U DAAGLIKS IN STAND**

Musiek: *'Great is Thy Faithfulness' [11 10 11 10 + refrein]*

## *4*

**JESUS REGEER WAÃR OOK AL DIE SON**
**OP AL SY VERRE REISE KOM**
**VAN SEE TOT SEE_ VÃN POOL TOT EWENAAR**
**WORD SY GENADEGUNS ERVAAR**

**WAAR JESUS HEERS DAÃR SIF SY SEËN**
**OP SY GELIEFDES SOOS DIE REËN**
**DUISENDE VIND AS HUL AFHANKLIK VOOR HOM KOM**
**'N MIDDELAAR EN ROTS IN HOM**

**VOLKE EN TALE VAN ORÃLOOR**
**WORD DEUR SY MAJESTEIT BEKOOR**
**DAG EN NAG BRING HUL OFFERS VOOR SY TROON**
**OFFERS WAT EER EN DANK BETOON**

**ENG'LE SAL HOM TOT IN EWIGHEID DIEN**
**SALIGES SAL SY SKOONHEID SIEN**
**SY LOF SAL ALTYD IN VERWONDERING WEERKLINK**
**SY GLANS EN HEERLIKHEID STEEDS BLINK**

Wysie: *Jesus shall reign where'er the sun' (Isaac Watts)*

## *5*

**Openbaring 5: 9-14**
**UIT ELKE NASIE VOLK EN TAAL**
**HET U MET BLOED**
**'N VOLK GEKOOP OM U TE DIEN**
**IN HEILIGHEID**
**JESUS REGEER OOR ALS WAT IS - HALLELUJA**
**HALLELUJA HALLELUJA**

**SAAM MET DIE ENG'LE OM U TROON**
**SAL ONS U LOOF**
**SAAM MET DIE SKEPPING KOM OOK ONS**
**EN ROEP U TOE**
**AAN HOM WAT SOEWEREIN REGEER**
**AAN HOM DIE LAM**
**KOM TOE DIE LOF EN KRAG EN EER**
**EN HEERLIKHEID**

**WAARDIG IS U O LAM VAN GOD**
**IN EWIGHEID**
**U KOM TOE LOF EN KRAG EN EER**
**EN HEERLIKHEID**
**JESUS IS HERE KONING GOD - HALLELUJA**
**HALLELUJA HALLELUJA**

Wysie : *Worthy are You, o Lord, my God*

***6***

**HOOG VERHEF, SOEWEREIN**
**REGEER DIE HERE GOD IN SY HEERLIKHEID**
**EN IN SY MAJESTEIT EN IN HEILIGHEID**
**HY IS DIE EREKONING**
**DIE HOOGVERHEWE KONING**
**SY HEERSKAPPY IS EWIG EN VOLMAAK**

**HEILIG EN ALWYS ONVERANDERLIK**
**REGEER DIE HERE GOD IN GEREGTIGHEID**
**EN ALGENOEGSAAMHEID EN ALWETENHEID**
**HY IS DIE WAARHEIDSREGTER**
**DIE HOOGVERHEWE REGTER**
**SY UITSPRAAK IS REGVERDIG EN VOLMAAK**

**WIE KAN VERSTAAN HOE SO 'N GOD**
**VIR SONDAARS LIEF KAN WEES, HULLE UITVERKIES**
**OM TOT IN EWIGHEID SAAM MET HOM TE LEEF**
**HY'T ALS WAT ONS BENODIG**
**VOORSIEN IN JESUS CHRISTUS**
**ONS HOËPRIESTER EN ONS MIDDELAAR**

**HALLELUJA HALLELUJA**
**EK IS VIR EWIG VRY VAN MY SONDELAS**
**EK IS VERSOEN MET GOD SY VERBOND STAAN VAS**
**MY LEWE IS MET CHRISTUS**
**VERBORGE IN MY GOD**
**NIKS KAN MY VAN SY TROUE LIEFDE SKEI**

Musiek : *'I see the Lord';*
*Thank you music, 1980; Songs of Fellowship 249*

***7***

**WIE KAN, VADER, U NA WAARDE EER BETOON?**
**WIE SAL VOOR U STAAN?**
**WIE'S WAARDIG VOOR U TROON?**
**JESUS IS ONS HOËPRIESTER - IN SY NAAM**
**KOM ONS VOOR U NOU IN VRYHEID SAAM**

**ONS WIL U AANBID - VERWONDERD VOOR U TROON**
**ONS WIL IN DIE GEES EN WAARHEID EER BETOON**
**HIER'S ONS LOF, O VADER, HIER'S ONS HULDE NOU**
**ONS BESING U NAAM EN EER U TROU**

**HALLELUJA, VADER, ONS VEREER U SAAM**
**HALLELUJA, VADER, ONS AANBID U NAAM**
**MAG ONS LOF IN EWIGHEID U HART VERBLY**
**MAG U UIT ONS LEWENS EER VERKRY**

Musiek: *Set my spirit free that I might worship Thee*
*Songs of Fellowship 494*

## *8*

**NADER AAN U MY GOD WIL EK STEEDS LEEF**
**AL IS DAAR OOK 'N KRUIS WAT EK MOET DRA**
**AS U MY DAAGLIKS HELP**
**B SOOS WAT U WOORD BELOOF B**
**SAL MY VERSUGTING BLY: "NADER AAN U!"**

**WAAR U MY OOK AL LEI, DAAR SAL EK U**
**STEEDS ENKELHARTIG DIEN B U SAL MY HELP!**
**DAN SAL EK STEEDS BLY BID: "NADER AAN U MY GOD!"**
**WANT OM U LIEF TE HÊ, LEEF IN MY HART**

**WAAR HET MY LIEFDE, HEER, VIR U ONTSPRING?**
**U HET DIT DEUR U GEES IN MY GEWERK**
**DAAROM BLY DIT MY WENS, WIL EK TOT U BLY SING:**
**"NADER AAN U MY GOD WIL EK STEEDS LEEF!"**

**U HET MY AL BEMIN LANK VOOR EK WAS**
**U SEUN HET MY VERLOS OP GOLGOTA**
**HOE KAN DIT ANDERS HEER AS DAT EK U BEMIN?**
**HIER IS MY BEDE DUS: "NADER AAN U!"**

Musiek: *Nearer to Thee*